

Net Jesus alleen

Die gebeure op die berg van verheerliking was vir Jesus 'n hoogtepunt voor die dieptepunt van sy lyde en sterwe. Hier het die Vader self uit die hemel oor Jesus getuig: "Dit is my geliefde Seun ..." Hier is Jesus deur God openlik as sy geliefde Seun uitgeroep en as die Messias met hemelse heerlijkheid bekleed. Saam met Jesus was Petrus, Jakobus en Johannes. Moses en Elia, twee van die grootste profete van die Ou Testament, het ook verskyn en met Jesus gepraat.

Sonder twyfel was dit een van die aangrypendste gebeure tydens Jesus se aardse omwandeling. 'n Mens wil sê, dit is 'n hemelse toneel wat hom hier op aarde afspeel! Ons praat van 'n hoogtepunt, 'n klimaks, maar dit alles vind plaas vlak voor sy lyde en kruisiging. Jesus weet dit. Hy weet Hy kan nie nou die hemelse heerlijkheid deelagtig word nie. Hy moet eers ly en sterf!

As Petrus voorstel dat drie hutte gebou word, dan wys Jesus dit af. Dit gaan nie nou om aardse strukture nie; dit gaan om iets baie diepers. Dit gaan om Jesus, die gestuurde van die Vader, wat as Middelaar moet ly en sterf. Die klem val op Hom en op Hom alleen. In Hom is die wet en die profete vervul.

"Toe die dissipels opkyk, het hulle niemand gesien nie, net Jesus alleen." So lui vers 17. Alleen moes Hy die weg afwaarts bewandel. Alleen moes Hy aan die kruishout sterf. Wat 'n weg, om alleen in die gerig van God te gestaan het, sodat ons verlos kon word! Net Hy alleen kon dit doen en moes dit doen, as Middelaar, vir ons! Daar is geen ander naam waardeur ons gered kan word nie, net deur Jesus alleen!

Sing: Skrifberyming 3-4:1-5

Ds. Pieter van der Walt (Bethlehem)